

SARS STEL SPERDATUM UIT VIR NASPORINGSTENDERS

Pretoria, Vrydag 24 Mei 2019 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig hiermee die uitstelling aan van 'n tender, gepubliseer op die SARS-webtuiste, vir die voorsiening van 'n produksiebestuur- en nasporningsoplossing vir sigarette.

Die uitstelling stel die kommissaris, Mnr. Edward Kieswetter in staat om sy denke toe te pas en alle toepaslike faktore te oorweeg en verder te konsulteer.

SARS lê weereens klem daarop dat hierdie strategiese stap gemik is op 'n noemenswaardige wetstoepassing en inkomste risiko wat spruit uit onwettige en onetiese praktyke, terwyl onwettige ekonomiese aktiwiteite in die tabakindustrie aangepak word.

Verdere besonderhede sal na verloop van tyd verskaf word deur die gewone aankoopprosesse, insluitend die nuwe sperdatum.